## DIE VREUGDE VAN DEEL- TYD, TALENT & TIENDE

Fondsinsameling om die plaaslike Kerk in staat te stel om toekomstige Herders te voorsien en om na haar lewende Herders om te sien, is noodsaaklik.

Die Bisdomlike Ontwikkelingsfonds, die Priester Gesondheid en Aftreefonds en die Priesters: Opleiding en Voortgesette Formasiefonds is gestig om na die unieke en werklike behoeftes van die Bisdom Oudtshoorn as geheel en dan veral die opleiding van toekomstige priesters en die versorging van haar afgetrede herders om te sien; 'n morele noodsaaklikheid en ons Christelike plig wat nagekom moet word.

Ons waardeer u belangstelling in die Priesters se Gesondheids- en Aftreefonds opreg. Indien u belangstel om uit te vind hoe om ’n geskenk, ’n donasie of ’n steunbelofte te maak, kontak gerus die Bisdomlike Finansiële Administrateur om meer te wete te kom.

## Priesters se Gesondheids- en Aftreefonds

Die Priesters se Gesondheids- en Aftreefonds moet uiteindelik voorsiening maak vir die gesondheid en welsyn van aktiewe en afgetrede priesters. Jou vrygewigheid ten gunste van die Priesters Gesondheids- en Aftreefonds verseker dat ons priesters hul betekenisvolle werk in ons parogies kan voortsit deur fondse te voorsien vir mediese voorsiening, medikasie, welstandskoste, verpleegsorg, aftree-versorging en aftree-fondse.

As jy kan of ’n geskenk of skenking of ’n steunbelofte wil maak, of dit nou eenmalig of herhalend is, ten bate van die Priesters se Gesondheids- en Aftreefonds, kontak asseblief die Bisdomlike Finansiële Administrateur wat jou graag sal help.